

OPDATEERDE GESLAGSREGISTER WAT ALLE INLIGTING TOT EN MET MAART 2019 BEVAT NOU OP CD BESKIKBAAR

Die opdateerde dokument is uiteindelik beskikbaar. Stamvaders Jan en Dirk het afsonderlike geslagsregisters. Die rede hiervoor is omdat die volume van slegs een lêer versending en verwerking baie moeilik maak en dit vergemaklik veral naslaan en lees van die dokument. Dit gaan nie in boekvorm gedruk word nie.

Soos julle weet was die vorige druk in 2011 en het daar intussen baie nuwe inligting bygekom. Al die inligting tot op 31 Maart 2019 in die databasis aangeteken, is nou verwerk en opgeneem en bevat 5222 name in die geval van Jan en 18093 name in die geval Dirk. Die bygewerkte inligting is deur ons eie navorsing bekom, maar veral inligting t.o.v. huwelike en geboortes van nuwe Vermeulens is deur ons lede en ander Vermeulens verstrekk. Baie inligting is nog steeds onvolledig aangesien naasbestaendes nie die moeite doen om ons te laat weet van nuwe veranderinge nie. Wat die registers egter baie uniek maak is die feit dat die registers nie alleen net data bevat van elke individuele Vermeulen en sy naasbestaendes nie maar dat dit baie interessante stories en gebeure wat deur die Vermeulens verskaf is, bevat.

Die opdateerde geslagsregisters sal as volg hanteer word:

1. Die 2 geslagsregisters sal saam met 'n dokument wat noodsaaklike inligting en gebruiksaanwysings vervat, elektronies versprei word. Ons stuur dit d.m.v. die rekenaarprogram "we transfer free" aan die persoon wat daaraan belangstel en hy/sy laai dit af op sy/haar rekenaar, druk dit indien so verkies of hy/sy kan dit self op 'n CD sit. Slegs data word gebruik wat minimaal is en die dokument word binne 'n paar minute gelaai en afgelaai. Die ontvanger ontvang 'n epos van "We transfer free" met die aflaaiovoorskrifte. Die lêergrootte is 15.8mb. Indien u dit verlang, kan ons ook net een stamvader se geslagsregister aanstuur. Koste is egter dieselfde.
2. Ons laat druk alles op 'n DVD saam met die nuutste 3 foto-albums van persone, dokumente en belangrike plekke en grafte. Ofskoon die foto's nie baie meer is nie het ek en veral Stoffel daarin geslaag om die foto's van grafte en nisse in gedenkmure aansienlik uit te brei. Die foto-albums kan nie aangestuur word soos in paragraaf 1 hierbo vermeld nie. Die grootte van die CD is 581mb.

Elke bladsy bevat die watermerk en voetnota in kleur met die bondswaapen op die eerste bladsy. Jan se register beslaan ongeveer 351 bladsye en Dirk sin so 1334 bladsye.

Ons moet ongelukkig sekere kostes verhaal.

KOSTES:

1. Koste vir versending van dokumente per rekenaar soos hierbo uiteengesit:
 - 1.1 Vir opbetaalde bondslede en vriende : R 80
 - 1.2 Vir ander Vermeulens en ander persone : R120
2. Koste van DVD kopie.(dit sluit kourier en ander versendingkoste uit.)
 - 2.1 Vir opbetaalde bondslede en vriende : R150
 - 2.2 Vir ander Vermeulens en ander persone : R250

Betaling moet vooraf gedoen word in ons bankrekening: I S Vermeulen Absa Cresta Spaar reknr. 9070195133 tak 632005 en bewys van betaling moet aan my gestuur word sodat ek die dokumente aan jou kan versend. Indien betaling in bank oor toonbank en of per OTM gemaak word, moet bankkoste wat van toepassing is, bygevoeg word. Elektroniese betalings (EFT) hef geen bankkoste nie. Koste vir versending van Cd/Dvd per Postnet is R100 ekstra indien afgehaal by 'n Postnet tak.. Ek weet nie op hierdie stadium wat is Poskantoor koste nie.

Ons beoog om vanaf die einde van die maand Cd/Dvd's beskikbaar te hê in Pretoria, Kaapstad, Gansbaai en Parys in die Vrystaat.

Ons wil nie graag pryse buitensporig maak nie om veral persone wat alreeds van die ou Cd's aangekoop het te akkomodeer.

Geslagsregisters van 2011 ook nog steeds in boekvorm beskikbaar. Kontak Hennie Vermeulen per epos vermeulenbond00@gmail.com